

Die aarde en die hemel as getuies

Die volk van God word weer (by herhaling / opnuut / nog 'n keer) opgeroep om die lewe, *soos God dit bedoel het om te wees*, met ywer te soek. Om kind van God te wees, is nie maar net 'n nuwe *lewenstatus* (as verlose kind van God) nie, maar ook 'n totale nuwe lewenswyse. Die implikasies van God se genadige verlossing is lewensvernuwing.

Dit is die rede vir hierdie ernstige oproep om die lewe te kies. Die belofte van God se seën en nabyheid in tye van gehoorsaamheid word baie sterk beklemtoon. Daar is egter ook 'n belofte van herstel ná tye van verval en ongehoorsaamheid. Dit word gewys in berou en bekering en 'n hartelike terugkeer na God. Dit is nie so moeilik om die Here te gehoorsaam nie, aangesien God in sy groot genade sy kinders ook in die hele proses van gehoorsaamheid deur sy Heilige Gees begelei. Belangrik, nie een van hulle sal ooit kan sê: *“Ek het nie geweet nie”*, want al die kante van die saak (lewe en dood) is aan hulle voorgehou en verduidelik. Dit is die rede vir hierdie baie ernstige oproep tot 'n keuse vir die lewe (vers 19b). Aangesien dit 'n keuse is wat ook die nageslag raak, word die hemel en die aarde as God se getuies geroep.

Die hele skepping sug wel as gevolg van die mens se sonde (Rom. 8: 22), maar sal ook eendag 'n getuienis lewer dat niemand enige verontskuldiging het nie. Die boodskap dat Jesus Christus se verlossing aan die kruis van Golgota die lewe bring, word op die oomblik onder die kragtige toerusting van God se Gees na die eindes van die aarde gedra. Wanneer die kerk haar getuienis oor lewe en dood aan alle mense gebring het (Matt. 24:14), sal die einde kom. Almal sal die boodskap van lewe en dood gehoor het – dit sal die hemel en die aarde kan getuig.

Sing: Psalm 8:1-4 (1936)

Ds. IW Ferreira (Rietvallei)